PREEK Vrydag 3 Mei 2009

TEMA: Ware godsdiens vra gehoorsaamheid
SKRIFLESING: Sag 7:1-14
PREDIKER: Danie O'Kennedy

VOOR SKRIFLESING (Agtergond oor boek Sagaria)

- Kort reeks oor profeteboeke: Hoe gereeld lees ons die profeteboeke van die Bybel? Boeke wat dikwels geïgnoreer word, omdat ons nie altyd hou van die boodskap daarin nie.
- Die boek Sagaria kan weens ooglopende verskille (taalkundig, histories en teologies) in twee hoofdele opgedeel word: Proto-Sagaria (1-8) en Deutero-Sagaria (9-14). Proto-Sagaria het in dieselfde tyd as die boek Haggai ontstaan (520-518 vC). Hierdie tydperk is kort voor die inwyding van die tweede tempel in 516 vC en beide profete moedig die volk aan om die tempel wat verwoes is weer op te bou. Die meeste navorsers is onseker oor die presiese datering van Sagaria 9-14. Waarskynlik moet dit ná Sagaria 1-8 gedateer word.
- Sagaria was 'n tydgenoot van Haggai en het as jongman teruggekeer uit die Ballingskap (Esra 5:1; 6:14; Neh 12:16). Hy kom uit 'n priesterlike familie en soos Esegiël kan hy as 'n profeet en priester beskou word (vgl Sag met Eseg 40-48).
- Vers 1:
    - Presiese datering – 7 Des 518 vC
    - Jode wat onlangs uit die Ballingskap teruggekeer het; Bet-el 18 km noord van Jerusalem en was voorheen 'n plek van aanbidding.
- Vers 5: "Sê vir almal in die land en die priesters: Toe julle in die vyfde en sewende maand vir sewentig jaar gevas en gekla/getreur het, <u>het julle werklik vir My gevas?</u>"
- Vers 11: "Maar die volk het geweier om te luister, en 'n <u>opstandige skouer</u> gegee, en hulle ore doof gehou om nie te hoor nie."

BOODSKAP

(1) INLEIDING: WAT IS DIE INVLOED VAN DIE BYBEL OP ONS SAMELEWING?

Gemeente, ek was in die hoërskool in die koshuis in Paul Roos op Stellenbosch. In die koshuis het ons elke dag stiltetyd gehad waar daar 'n klok gelui het – 10 min in die oggend en 15 min in die aand. Ek het probeer om in hierdie tye gereeld my Bybel te lees. In graad 9 (St 7) het ek 'n kamermaat gehad wat van Graafwater gekom het. Hy was 'n toegewyde Christen en dien tot vandog nog die Here met toewyding. Een aand vra hy vir my: "Danie, jy het vanoggend die Bybel gelees. Wat het jy gelees? En wat het daardie Bybelstukkie vir jou beteken?" Ek weet ek het Bybel gelees,

maar kon glad nie onthou wat ek gelees het nie" En hy vra vir my: "Wat het jy gister gelees? En wat het dit vir jou beteken?" Ek weet ek het gelees, maar kon nie vir hom sê nie. Hy sê toe: "Maar dan kan jy maar net sowel 'n storieboek of iets anders lees in hierdie stiltetyd" My graad 9 kamermaat het my gehelp om meer na te dink oor wat ek in die Bybel lees en oor wat dit in my lewe beteken.

Gemeente, die vraag is: Wat is die invloed van die Bybel op ons samelewing? Dit wil sê "Kan ons in mense se lewens sien dat hulle die Bybel lees" of die ander vraag: "As mense nie die Bybel gelees het nie, sou die samelewing baie slegter gewees het". Baie van ons lees ook net sekere dele van die Bybel. Ons het so 'n klein boksie met teksies waarvan ons hou. Baie van ons lees nie gereeld die profeteboeke nie. En dalk hou ons nie altyd van die woorde wat ons in die profeteboeke lees nie. Kom ons kyk 'n bietjie dieper na die woorde van Sagaria 7. Telkens in die gedeelte word die woorde gebruik: "Die woord van die Here (die Almagtige) het tot Sagaria gekom". Wat sê die woord van die Here vir ons vandag?

(2) GODSDIENSTIGE RITUELE KAN LEEG WEES

Gemeente, in verse 4 tot 6 staan die volgende woorde:

> [4] Die woord van die Here die Almagtige het toe tot my gekom: [5] Sê vir almal in die land en vir die priesters: Julle vas en treur nou al sewentig jaar lank in die vyfde en in die sewende maand, maar vas julle tot my eer? [6] En as julle eet en drink, doen julle dit vir julleself.

In hierdie verse word gepraat oor die volk Israel wat vir jare vas. Die 70 jaar verwys moontlik na die 70 jaar tydperk tussen die vernietiging van die Jerusalem tempel in 586vC en die herinwyding van die tempel in 515/6 vC. Die Bybel is nie teen vas en en al die ander godsdienstige rituele nie. Nee, die groot vraag wat die Bybel kom stel is: "Is dit tot julle eie eer of is dit tot God se eer?" Die Hebreeuse teks stel dit selfs nog sterker: "Het julle werklik vir my gevas?" Ook in die die NT word ons gewaarsku om nie soos die Fariseërs te wees wat met lang gesigte vas en bid sodat al die mense dit kan raaksien nie (Matt 6:16). Nee, godsdiens gaan oor God – dit gaan nie oor onsself nie. En daarom het ek ook vir die doopouers gesê: "Die doop gaan nie eerstens oor die doopbaba óf die ouers óf die gemeente nie. Nee, dit gaan eerstens oor God".

Godsdienstige rituele kan leeg wees soos in die tyd van Israel se geskiedenis. Ons moet voortdurend daarteen waak. Ons godsdiens mag nie 'n selfgesentreerde eiegemaakte godsdiens wees nie. Alles wat ons vandag hier doen, moet tot eer van God wees.

(3) WARE GODSDIENS IS OM REG TE DOEN

Gemeente, in verse 9-10 staan die volgende woorde:

> [9] So het die Here die Almagtige gesê: Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar; [10] moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bose planne teen mekaar bedink nie.

Ware godsdiens is om reg te doen. Die Bybel roep ons op om reg te doen. En in die tyd van die Bybel het die Here veral die profete gebruik om die volk op te roep om reg te doen. Hulle het die volk opgeroep om tot bekering te kom. Hulle het nie gehuiwer om die waarheid te verkondig nie. Hulle was nie bekommerd oor wat die mense sou sê nie. Hulle het net die boodskap verkondig soos wat hulle dat van God gehoor het.

Het jy mooi gehoor wat hierdie verse sê: "Laat reg geskied AAN ALMAL". Dit is vir ons maklik om reg te doen aan sekere mense vir wie ons liefhet. Maar dit is moeiliker om reg te doen aan almal.

En dan word daar telkens in die Bybel gepraat van die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme. Hier word nie gepraat van die koning en die priesters en die profete en die wyse manne nie. Hoekom is God se besorg oor hierdie persone? Hoekom word hierdie persone telkens uitgelig? Dit is hulle wat geen regte gehad het in die tyd van die Bybel nie. Dit is hulle wat telkens deur die samelewing uitgebuit is. Gebeur dit vandag nog? Is daar sekere mense wat deur die samelewing uitgebuit word? Ongelukkig met ons "ja" hierop antwoord. Dink aan ons eie land:

- Talle weduwees word in ons land uitgebuit; net in ons eie gemeente het ek al talle verhale gehoor van hoe weerlose weduwees finansieel uitgebuit is.
- Weeskinders word van die een persoon na die ander of een inrigting na die ander gestuur.
- In ons eie land is die vreemdelinge aangeval en weggejaag – dink maar aan wat 'n paar maande gelede in ons eie omgewing gebeur het.
- Armes word uitgebuit. Politieke partye soek net hulle stemme en los hulle net so. Daar is talle vakbonde vir die "werkers" maar geen vakbond vir die armes nie. Hulle het geen stem nie, omdat hulle geen geld en mag het nie.

Ons as Christene kan nie God se Woord ignoreer nie. Dit is waarom daar ook in kerke oor geregtigheid gepraat word. Daarom is uitreik na armes en weerloses vir ons gemeente so belangrik. Die vraag is: Doen ek en jy genoeg of is ons maar net besig om ons gewete so 'n bietjie te sus?

(4) IS ONS DOOF, MOEDSWILLIG EN HARDKOPPIG SOOS ISRAEL?

Gemeente, in verse 11-12a staan die volgende woorde:

> Maar die volk het geweier om daarop ag te slaan, hulle was moedswillig, hulle het hulle doof gehou, [12] hulle het hulle soos die hardste klip gehou en wou nie luister na die wet en na die boodskap wat die Here die Almagtige deur sy Gees, deur die vroeëre profete, gestuur het nie.

Soms is ek baie hard met die volk Israel as ek hierdie woorde hoor. Hoe kon julle so maak? Hoe kon julle so ongehoorsaam wees? Maar dan besef ek dat ek baie dikwels net so optree:

- Ek hou my doof vir die Woord van die Here.
- Ek is moedswillig; Ek is nie lus om te doen wat die Bybel sê nie. (Juis gisteraand by 'n troue gehoor dat 'n sielkundige sê dat mense nie meer lus het die regte ding te doen nie. Weet wat om te doen, maar wil dit net nie doen nie)
- Ek is hardkoppig; Ek probeer allerhande vroom argumente kry hoekom ek dit nie hoef te doen nie. Argumente soos "Ek kan tog nie vir almal help nie".
- Ek volhard in my eie sonde. Ek dink God moet my maar net weer vergewe.

Miskien moet ons eerder wegkyk van Israel en ander mense en eerder kyk na ons eie lewe. Ons sê mos baie dikwels vir mekaar dat as ons een vinger na 'n ander persoon wys daar vier vingers na ons terugwys (wys).

(5) GOD HOU NIE VAN ONGEREGTIGHEID/ONGEHOORSAAMHEID NIE

Gemeente, in verse 12b-14 staan die volgende woorde:

> Daarom was die toorn van die Here die Almagtige so groot. [13] Hy het geroep, maar hulle het nie geluister nie, en toe het die Here die Almagtige gesê: Ek sal ook nie luister as hulle roep nie, [14] Ek sal hulle met 'n stormwind verstrooi onder al die nasies vir wie hulle tot nou toe onbekend was, en agter hulle sal die land so verwoes wees dat niemand meer daar deurtrek nie. Hulle het van 'n pragtige land 'n verwoeste wêreld gemaak.

Hoe dink jy oor hierdie woorde? Dit klink na harde woorde. "Danie, ek is nie lus om hierdie woorde vanoggend te hoor nie. Ons wil net vanoggend van God se genade en liefde hoor. Dit is vanoggend Doopsondag – dit is nie lekker vir ons om dit te hoor nie." Ons kan nie net 'n paar lieflingverse in die Bybel lees nie. Ons moet die hele Bybel lees. Dit is ook hoekom ons die profeteboeke moet lees. Dit is 'n groot deel van die Bybel.

Vers 12 tot 14 sê baie duidelik dat God geroep en geroep het na sy volk. Hy het gepraat en gepraat, maar hulle wou nie luister nie. En dan sê Hy: "Ek sal ook nie luister as hulle roep nie". By die profeet Jeremia is daar ook 4 teksgedeeltes waar Jeremia verbied word om vir die volk te bid omdat hulle so ongehoorsaam is "Jy moenie vir hierdie volk bid nie" (Jer 7:16; ook Jer 11:14; 14:11; 15:1).

God is net soos 'n liefdevolle vader. Ek is baie lief vir my twee seuns. Maar ek en Kobie het ook al gesê "As julle nie na ons wil luister nie. Gaan ons ook nie na julle luister nie". Want jy praat en jy praat, maar dit val op dowe ore. Of daar word net gesê: "ek sal later; of ek is nie nou lus nie." En dan sê ons ook maar dieselfde as hulle skielik iets van hulle ouer wil hê. Dit is mos hoe 'n regverdige ouer optree? Mag God ook nie regverdig wees nie.

'n Liefdevolle en regverdige ouer straf ook sy kinders as hulle herhaalde kere nie wil luister nie. Dit is wat God met die volk Israel gedoen het. Hy het hulle gestraf. Hulle land en tempel is verwoes en die volk is in ballingskap na 'n vreemde land Babilon weggevoer.

Gemeente, geen ouer duld dit as 'n kind met hom/haar mors nie. God hou nie van ongehoorsaamheid nie. Ons kan nie sê dat ons baie lief vir God is en dan net maak wat ons wil nie. God is soos 'n regverdige ouer wat gehoorsaamheid en respek vra. Hy is nie sommer net iemand met wie ons kan rondmors nie. Hy is 'n heilige God wat onverdeelde trou vra sê die Bybel.

Ons almal weet dat ongehoorsaamheid skeiding bring tussen mense (ouers en kinders; familie; kollegas), <u>maar ook skeiding bring tussen God en mens.</u> Ons kan nie net maak asof God nie bestaan nie. Ware godsdiens is om voortdurend te veg teen ongehoorsaamheid en sonde.

(6) SLOT: WAAR STAAN JY?

Gemeente, ek het reg aan die begin vir julle vertel van my Gr 9 kamermaat en dit wat hy vir my oor die Bybel geleer het. Ek onthou nog ander woorde wat hy vir my gesê het. In my Gr 9 jaar is sy pa skielik oorlede. Dit was vir hom baie swaar en ek onthou nog dat ek nie eintlik geweet het wat om vir hom te sê nie. Maar ek onthou wat hy vir my gesê het: "Danie, onthou om jou pa ordentlik te groet". Hy het vinnig by die huis weggeglip op pad koshuis toe en nie sy pa ordentlik gegroet nie. Dit het hom gehinder. Sy woorde het my gehelp om daarna my pa ordentlik te groet en ek leer ook vir ons kinders – groet julle ouers ordentlik.

Maar ek het ook hierdie week aan ’n geestelike betekenis vir hierdie woorde gedink. Ek het gewonder, groet ek my Goddelike Vader ordentlik of jaag ek maar net vinnig deur die lewe sonder om aan Hom te dink. Ek groet Hom baiekeer net so haastig in die oggend – so in die verbyhardloop. Sonder om Sy Woorde behoorlik in die Bybel te lees. Sonder om behoorlik daaroor na te dink. Sonder om Sy Woorde te onthou en daarvolgens te leef. Sonder om sy Woorde met ander te deel.

Waar staan jy? Het die Bybel enige invloed in jou lewe? Gaan die woorde van Sag 7 enige invloed in jou lewe hê.

- Of is jou Bybellees maar net ’n leë ritueel.
- En jou erediensbywoning maar net ’n leë ritueel.
- En die bediening van die doop maar net ’n leë ritueel.

Ware godsdiens vra gehoorsaamheid. KAN MENSE IN JOU LEWE SIEN DAT JY DIE BYBEL LEES EN NA DIE VERKONDIGING VAN SY WOORD LUISTER? Ek wil graag aan my Hemelse Vader gehoorsaam wees. Kom ons help mekaar daarmee. AMEN.